Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 12/03 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   - Baie dankie aan mnr. André Bence wat vir ons handsanitering geskenk het. Dit word opreg waardeer.

2. **Beheerliggaamverkiesing:**
   Datum: Vrydag, 12 Maart 2021
   Tyd: 07:00 – 15:00
   Plek: George McLachlan-saal

   Onthou asseblief om u identiteitsdokument saam te bring.

3. **Toetsrooster:**
   Groep A skryf op die eerste dag die vak wat op die rooster aangetoon word en groep B die volgende dag.

4. **Weeklikse nuusbrief:**
   Indien u die weeklikse nuusbrief per e-pos wil ontvang en dit nie die geval is nie, word u vriendelik versoek om mev. D. Strydom te kontak. Die nuusbrief sal elke Vrydag ook op die whats-appgroepe gesit word.

5. **OOV-Fondsinsameling**
   Heerlike ham-en-kaasbroodjies te koop op Vrydag, 19 Maart 2021. Ons werk slegs op bestelling. Vul asb die afskeurstrokie met u bestelling in en gee dit teen Woensdag, 17 Maart 2021, saam met u betaling by u kind se registeronderwyser(es) in.

   Baie dankie vir u ondersteuning met hierdie weeklikse OOV-fondsinsameling.

6. **Finansies:**
   Ons herinner ouers daaraan dat die kopieerkoste van R500 per jaar per kind teen **31 Maart** betaalbaar is. Indien dit nie vereffen word nie, sal u kind ongelukkig nie verder fotostate kan ontvang nie.

   Busgeld is vooruit betaalbaar en ons rig ‘n vriendelike versoek dat die busgeld wat nog uitstaande is, nou vereffen word.
   Daaglikse roete: **[Kwartaal 1]**

Misgund	R1 456
Louterwater	R1 302
Krakeel	R1 148

Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
ABSA Joubertina
Rekeningnommer: 1970 430047
Tipe rekening: Tjek

herotel IGEN

Takkode: 334415
Verwysing: **Kind se naam en van**

Ons doen weereens ‘n vriendelike, dog dringende versoek, dat EFT-betalings se verwysings die betrokke leerder se naam en van op sal hê, én dat ‘n betalingsbewys, met verduideliking waarvoor die inbetaling is, na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za ge-epos sal word.

7. **Sport:**
Daar sal geen sport die kwartaal plaasvind nie, tensy die Departement van Onderwys anders besluit. Ons gebruik die tyd om op akademie te fokus. Daar word beplan om die tweede kwartaal met sport te begin.

8. **Covid:**
Praktiese reëlings 2021 :

Prosedure voor skool:
Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit. Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:
- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

Ingang/Uitgang van onderskeie grade:
Let wel: Skandering vind soggens van 07:30 – 07:50 plaas.

Graad	Hek (ingang) 07:30 – 07:50	Hek (uitgang)	Skandering	Skoolure
1 en 2	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Klein hekkie (12:40)	07:30 - 07:50	Maandag – Vrydag 07:50 – 12:40
3, 7, 8, 10, 11	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Bushek (P.J.Retiefstr.)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40
4, 5, 6, 9, 12	Skuifhek (Pfaffstraat)	Skuifhek (Pfaffstraat)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit